SONDAG 30 Maart 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

LITURGIE

WIE	**WAT**	**DETAIL**	**BORD/MUSIEK**
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Hannes	Lof & aanbidding	LB400:1-5 "Juig, juig in Hom" LB417:1-2 "Jesus ons eer U" LB396:1-4 "Aanskou die Heiland aan die kruis" Jesus, U het ''n liefde hier diep in my hart kom lê - maar daardie liefde Heer maak soms meer vir my seer. Ek wil so graag dit als verstaan en hêê hierdie liefde moet vergaan - maar dit groei net al meer en meer: in eie wil kan ek dit nie keer! Daarom buig ek in aanbidding en vra U genade: Here, sal U my weer heel maak. Ek bring my seer na U O Heer Ek lêê my liefde voor U neer, en al kry ek ook seer vra ek niks meer as dat Heer ek my sal help verstaan. LB284:1-3 "Laat Heer U vrede deur my vloei" JG47:1-2 "Vader Seun HG" Onssien: "Ons sien U Heer (1-3)"	LB400:1-5 LB417:1-2 LB396:1-4 LB284:1-3 JG47:1-2 onssien (1-3)
Ouderling	Gebedslys		
		Record aan	**Klank: Record**
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	Mat 27:15-26 (Barabbas)	Skrif
Liturg	Preek	In ons plek!	Skrif
Hannes	Toewyding	"...Dan moet ek juig.."	SM35 Refrein
Liturg	Gebed	Jaar van gebed (Maretha Maartens) 14 Julie	stil

		Record af	**Klank: Stop Record**
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord Musiek: Barabbas (Ben van Tonder)	afkondig musiek1
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Hannes	Lied	“Dankoffers” (1-2) “Loof Hom” (1-4)	dankoffe (2x) loofhom (1-4)
Liturg	Seën		

> > > >> > A LETTER TO YOU FROM SATAN
> > > >> >
> > > >> > I saw you yesterday as you began your daily chores.
> > > >> > You awoke without kneeling to pray.
> > > >> > As a matter of fact, you didn't even
> > > >> > bless your meals, or pray before going to bed last night.
> > > >> > You are so unthankful, I like that about you.
> > > >> > I cannot tell you how glad I am that you have not
> > > >> > changed your way of living, Fool, you are mine.
> > > >> > Remember,you and I have been going steady for
> > > >> > years, and I still don't love you yet.
> > > >> > As a matter of fact, I hate you, because I hate God.
> > > >> > I am only using you to get even with God.
> > > >> > He kicked me out of heaven, and
> > > >> > I'm going to use you as long as possible to pay him back.
> > > >> > You see, Fool, GOD LOVES YOU and HE has great plans in store for you.
> > > >> > But you have yielded your life to me, and I'm going
> > > >> > to make your life a living hell.
> > > >> > That way, we'll be together twice.
> > > >> > This will really hurt God.
> > > >> > Thanks to you, I'm really showing Him who's boss in
> > > >> > your life with all of the good times we've had.
> > > >> > We have been watching dirty movies, cursing people
> > > >> > out, stealing, lying, being hypocritical, fornicating,
> > > >> > overeating, telling dirty jokes, gossiping,
> > > >> > being judgmental, back stabbing people, disrespecting
> > > >> > adults, and those in leadership positions, no respect
> > > >> > for the Church, bad attitudes.
> > > >> > SURELY you don't want to give all this up.
> > > >> > Come on, Fool, let's burn together forever.
> > > >> > I've got some hot plans for us. This is just a
> > > >> > letter of appreciati on from me to you.
> > > >> > I'd like to say "THANKS" for letting me use you for
> > > >> > most of your foolish life.
> > > >> > You are so gullible, I laugh at you.
> > > >> > When you are tempted to sin,
> > > >> > you give in HA HA HA, you make me sick.
> > > >> > Sin is beginning to take it's toll on your life.
> > > >> > You look 20 years older, and now, I need new blood.
> > > >> > So go ahead and teach some children how to sin.
> > > >> > All you have to do is smoke, get drunk or
> > > >> > drink while under-aged, cheat, gamble, gossip,
> > > >> > fornicate, and live being as selfish as possible.
> > > >> > Do all of this in the presence of children and they
> > > >> > will do it too. Kids are like that.
> > > >> > Well, Fool, I have to let you go for now. I'll be
> > > >> > back in a couple of seconds to tempt you again.
> > > >> > If you were smart, you would run somewhere,
> > > >> > confess you sins, and live for God with what little
> > > >> > bit of life that you have left.
> > > >> > It's not my nature to warn anyone, but to be your
> > > >> > age and still sinning, it's becoming a bit ridiculous.
> > > >> > Don't get me wrong, I still hate you.
> > > >> > IT'S JUST THAT YOU'D MAKE A BETTER FOOL FOR God.

PREEKSKETS

HOND LAIKA

Op 3 Nov 1957 is die ruimtetuig Spoetnik gelanseer.
Doel was om eksperimente in die ruimte te doen

- vasstel watter invloed ruimtereise op die mens sou hê

Daar was net een passasier:

- Nie ‘n mens nie - maar ‘n hond
- ‘n Hond met die naam laika
- Sy sou die eerste aardbewonder weer wat ooit in die ruimte ingestuur is.

Hier volg ‘n oorsig oor laika se dramatiese reis soos koerante oor die hele wêreld dit vir hulle lesers aangebied het. (Wêreldvisie vol 1 p 37)

- Sondag 3 Nov: Lansering van Spoetnik 2 met Laika aan boord. Aangesien die hond se massa 5kg was, kan dit bereken word dat gedurende die lansering sy die sensasie gevoel het dat sy ‘n massa van omtrent 25 kg gehad het.
- Maandag 4 Nov: Laika se gesondheid is bevredigend. Die eerste 24 uur in die ruimte het normaal verloop.
- Dinsdag 5 Nov: Volgens verslae is Laika se gesondheid steeds bevredigend.
- Woensdag 6 Nov: Laika se gesondheid is nog bevredigend.
- Donderdag 7 Nov: Alles is orde.
- Vrydag 8 Nov: Niks...
- Saterdag 9 Nov: Niks
- Sondag 10 Nov: Dit word vermoed dat laika dood is...
- En so sterf die eerste lewende wese in die ruimte.

Die volgende is geskryf:
“Die ruimtehond het nie vergeefs gesterf nie. Die eksperiment waaraan sy deelgeneem het, het dit vir wetenskaplikes moontlik gemaak om Spoetnik 5 (Noag se ark) terug te bring aarde toe.” (P38)

Vir wie het Laika gesterf?

- Vir haarself?
- Of vir ons?
- Vir haarself?
- Of vir die mensdom?
- Ons wat so graag meer wil weet van die ruimte?
- Ons wat in die ruimtes wil woon.

Ja, sy het nie gesterf vir haarself nie.
Sy het gesterf vir die mense van die aarde.

TWEE IRAKESE SOLDATE IN LOOPGRAAF

Transpirant

In die afgelope week is daar ‘n foto in die koerante gepubliseer:

- Dis ‘n foto van twee Irakese soldate in ‘n loopgraaf.
- ‘n Skokkende foto.
- Hulle albei is doodgeskiet naby Naziree in Irak.
- Langs hulle lê ‘n wit vlag wat hulle gemaak het om oor te gee.
- Hulle is dood voordat hulle kon oorgee.

Vir wie het hulle gesterf?

- Vir hulle eie ideale?

- Vir hulle persoonlike belange en toekoms?
- Vir die paar rand gevaartoelae wat hulle sou kry?

Nee, hulle het gesterf vir al die mense in Irak.

- Hulle het gesterf vir al die miljoene mense reoor die wêreld wat dieselfde droom deel.
- Hulle het hulle lewens gegee vir miljoene ander wat lekker rustig in hulle huise sit.
- Hulle het hulle lewens gegee namens al die Moslems oor die hele wêreld wat Irak se ideale ondersteun.

Eintlik moes die miljoene mense self in die loopgrawe gewees het.

- Hierdie soldate was namens die miljoene in die loopgrawe.
- Dit het hulle lewe gekos.

AMERIKAANSE EN BRITSE SOLDATE WAT GESTERF HET

In dieselfde week is beeldmateriaal oor die TV gewys van Britse en Amerikaanse soldate wat in die oorlog dood is.

- Vir wie het hulle gesterf?
- Vir hulle eie drome en ideale?

Nee.

- Hulle het gesterf namens al die mense wat glo dat hierdie oorlog die oplossing is.
- Hulle het gesterf namens almal in Irak wat ‘n demokratiese regering begeer.
- Hulle het gesterf namens almal wat in die toekoms deur wapens van massavernietiging sou sterf.

In ons eie land het ons vir jare saans rustig in ons huise gesit terwyl jong manne die grense van hierdie land opgepas het.

- Dis nie belangrik of ‘n mens saamstem daarmee of nie.
- Die balangrike ding is dat hulle dit nie vir hulleself gedoen het nie.
- Hulle het dit namens ons almal gedoen.
- Honderde soldate het namens ons gesterf.
- Hulle het hulle lewens gegee vir ons.
- Hulle het gesterf sodat ons bietjie veiliger kon lewe.

VADER KOLBE

Gedurende die tweede wêreldoorlog het 4 miljoen Jode in Auschwitz gesterf. (Max Lucado, Ses Uur een Vrydag, p55)

- ‘n Halfton mensehare van vermoordes word nog daar bewaar.
- Die storte wat gifgas gespuit het staan nog.
- Maar hier in Auschwitz het iets ongeloofliks gebeur:

In Februarie 1941 is Kolbe in Auschwitz opgesluit.

- Franciskaanse priester
- Hy het soos Christus geleef in Auschwitz.
- Hy het sy kos gedeel.
- Hy het sy slaapbank afgestaan.
- Hy het vir sy gevangenemers gebid.
- Kry die naam: “Heilige van Auschwitz”.

Gedurende Julie 1941 was daar ‘n ontsnapping uit Auschwitz

- Gebruik: om tien gevangenes dood te maak vir elkeen wat ontsnap.
- Almal na die binneplein.
- Kommandant lees lukraak 10 name.
- 10e naam wat gelees is: **Gajowniczek**

Terwyl die offisiere die name en nommers van die gavngenes kontroleer begin een van die 10 hard snik:

- “My vrou en my kinders” huil hy.
- Dit was Gajowniczek

Die volgende oomblik is daar ‘n beweging tussen die soldate:

- Die wagte lig hulle gewere.
- Honde staan gespanne.
- Een van die gevangenes storm vorentoe.
- Dis Kolbe.
    - Geen vrees op sy gesig
    - Geen aarseling
    - Die kaptein skreeu vir hom om stil te staan of om geskiet te word.
    - “Ek wil met die kommandant praat” sê hy.

Kolbe gaan staan voor die Kommandant:

- Herr kommandant, ek wil asb ‘n versoek rig.
- Ek wil in die plek van hierdie gevangene sterf. (Hy wys na die snikkende Gajowniczek)
- “Ek het geen vrou en kinders nie. Buitendien is ek al oud en nie meer veel werd nie. Hy is in ‘n beter toestand om te werk as ek.”
- “Wie is jy?” vra die offisier.
- “‘n Katolieke priester”
- Na ‘n rukkie antwoord die kommandant: “Versoek toegestaan”

En so is vader Kolbe saam met die ander 9 weggelei om gemartel te word.

- Hy het nie soos die ander 9 gesterf van honger en dors nie.
- Hy is eers dood nadat die dokter karbolsuur in sy are ingespuit het.
- 14 Aug 1941.

Gajowniczek het die Nazi-kampe oorleef.

- Hy het teruggekeer na sy tuisdorp.
- Maar elke jaar op 14 Aug gaan hy terug na Auschwitz.
- Gaan hy terug om dankie te sê vir die man wat in sy plek getsterf het.

In sy agterplaas is daar ‘n gedenkmuur wat hy met sy eie hande uitgekerf het.

- ‘n Huldeblyk aan Maximilian Kolbe.
- Die man wat gesterf het sodat hy kon lewe.

Deur die loop van die geskiedenis het baie mense hulle lewens opgeoffer vir ander.

- Sommige het dit verdien.
- Ander nie.

Barabbas & Jesus

Die Bybel vertel ‘n soortgelyke verhaal.

- Die verhaal van Barabbas.
- In die tronk vir opstand (sedition) en moord (Luk 23:19, Mark 15:7)]
    - Hy moes die doodstraf kry.
    - Hy het dit ook verdien.
- Sy regte name was “Jesus Bar-abbas” *(Professor Birch has discovered this reading in a Vatican MS., written in 949, and numbered 354, in which is a marginal note which has been attributed to Anastasius, bishop of Antioch, and to Chrysostom, which asserts that in the most ancient MSS. the passage was as follows:-tina yelete apo twn duw apolusw umin, 'i'n ton barabban, h 'i'n ton legomenon 'x'n: Which of the two DO ye wish me to release unto you, Jesus Barabbas, or Jesus who is called Christ? As Jesus, or Joshua, was a very common name among the Jews, and as the name of the father was often joined to that of the son, as Simon Barjonah, Simon, son of Jonah; so it is probable it was the case here, Jesus Barabba, Jesus, son of Abba, or Abbiah. If this name were originally written as above, which I am inclined to believe, the general omission of JESUS in the MSS. may be accounted for from the over zealous scrupulosity of Christian copyists, who were unwilling that a murderer should, in the same verse, be honoured with the name of the Redeemer of the world.)*
- Jesus Barabbas: beteken “seun van ‘n vader”
- En dis nie per toeval dat dit sy naam is nie.

- Want Barabbas verteenwoordig ons almal.
- Almal wat skuldig is.
- Almal wat gesondig het.
- Elkeen van ons wat iewers in ons lewe iets verkeerd gedoen het.
- Almal van ons wat behoort te sterf vir ons sonde.
- Al die seuns of dogters van ‘n vader - oor die hele wêreld.

En Barabbas het geweet: hy gaan betaal vir sy sonde.

- Selfs toe Pilatus vir die volk sê hulle kan kies wie vrygelaat moet word, het hy geweet.
- Dis was ‘n uitgemaakte saak.
- Jesus was onskuldig.
- Barabbas was skuldig.
- Jesus was die “Messias” (v17) Die “Koning van die Jode” (Mk 15:9)
- Barabbas was die misdadiger (moordenaar)
- Jesus gaan losgelaat word.
- Barabbas gaan gekruisig word,
- Hy het dit geweet.

Deur die tronkvenster kon hy die padjie na Golgotha sien.

- Niemand loop twee keer op daai pad nie.
- Niemand kom ooit terug van Golgotha af nie.
- Net die toeskouers.
- En Barabbas het geweet: Binnekort gaan hy daardie padjie loop.
- Op die koppie was drie kruise.
- Hy kon dit so duidelik sien.
- Die middelste een is syne.
- More gaan hy aan daardie kruis hang.
- More gaan hy betaal vir al sy sonde.
- Hy gaan met sy lewe betaal vir ‘n onbesonne ding wat hy gedoen het.

Of hy ooit jammer was, weet ons nie.
Of hy berou gehad het, word nie vir ons vertel nie.

Die volgende oomblik kom die wag ingestorm.

- Barabbas, jy’s vry!
- Jy kan maar gaan.
- Ons het jou kruis nodig.
- iemand anders gaan in jou plek sterf.
- Jesus gaan aan jou kruis hang.
- Barabbas, jy’s vry!

Die volgende dag het Barabbas deur sy kombuisvenster gestaar na Golgotha.

- Die paadjie wat hy sou loop.
- Die kruis wat hy sou dra.
- Maar Dit was op die skouers van Iemand anders.
- Jesus het Sy kruis gedra.
- En Jesus het aan Sy kruis gehang.
- Die kruis in die middel.
- Jesus van Nasaret het aan Jesus Barabbas se kruis gesterf.
- Jesus van Nasaret het gesterf aan die kruis van elke seun of dogter van ‘n vader...

Het Barabbas ooit gaan dankie sê?
Het hy ooit hulde gebring aan die Een wat in sy plek gesterf het?
Was daar ‘n gedenkplaat in sy agterplaas vir die Een wat aan sy kruis gesterf het?

- Niemand weet.
- Miskien - miskien nie.
- Tog snaaks dat Barabbas nie saam met die vroue by die kruis gestaan het nie.
- Tog snaaks dat hy nooit ‘n dissipel van Jesus geword het nie.

Of miskien het hy...

Daar is Iemand wat in jou plek gesterf het.

- Hy het Sy lewe gegee vir jou (en my).

Jy sien:

- God haat die sonde in ons lewe.
- Hy kan sonde glad nie verdra nie.
- Hy straf sonde met die dood.

En elkeen van ons moes aan ‘n kruis gehang het vir ons sonde.
Ons name was uitgelees om te sterf.

- Maar skielik het Iemand na vorentoe gekom.
- “Ek wil ‘n versoek rig” , “Ek wil ‘n aanbod maak”
- “Ek sal in sy/haar plek sterf.
- “Versoek toegestaan” het die Vader geantwoord.
- En toe het hulle Hom weggelei om gekruisig te word.
- Aan die kruis waaraan ons gekuisig sou word.

Persoonlike vraag:

- Gaan jy elke jaar op Goeie Vrydag terug na die plek waar Hy in jou plek gesterf het?
- Is daar ‘n gedenkplaat in jou agterplaas ter ere van die Een wat in jou plek gesterf het?
- Is daar ‘n gevoel van dankbaarheid in jou huis omdat Jesus gesterf het dat julle kan lewe?

In hierdie lydingstyd dink ons terug aan mense wat in ons plek gesterf het:

- Die soldaat in die loopgraaf.
- Die hond in die vuurpyl.
- Die polisieman in die stryd teen misdaad.
- Die ma wat gesterf het tydens geboorte.
- Die pa wat ‘n nier geskenk het sodat sy kind kan lewe.

Maar ons dink veral terug aan die Een wat die hemel verlaat het

- En op die aarde kom bly het.
- Hy wat sonder sonde was maar al ons sondes op Hom geneem het.
- Die Een wat sonder siekte was maar ons “krankheid” op Hom geneem het.
- Die Een wat op Goeie Vrydag aan ons kruis gesterf het.
- Vir ons sonde.
- Ook vir die sonde wat ons vandag en more doen.

Barabbas, jy’s vry!
Gajowniczek, jy’s vry!
Coenie, jy kan gaan...
Oom Jantjie, tannjie Marie, ..., jy kan gaan.
Jesus het in jou plek gesterf.

[Lofprysing: “Dan moet ek juig” of musiek “dit is my roemtaal, dit is my lied”]